



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INTERIEURBEGINSELS TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050324)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

024Q1B2208

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
INTERIEURBEGINSELS TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

Kies 'n effek uit KOLOM B om by 'n beginsel in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A Beginsel of element		KOLOM B Die effek in 'n kamer	
1.1	Simmetriese balans	A	skep ruimte in 'n klein kamer
1.2	Ritme 	B	speels, kreatief
1.3	Vertikale lyne	C	verskaf 'n visuele fokus
1.4	Diagonale lyne	D	formeel
1.5	Onbeheerde boë	E	herhaling om interessantheid te skep
1.6	Asimmetriese balans	F	eenvoud
1.7	Klem	G	rusteloos 
1.8	Harmonie	H	stabiel, formeel
1.9	Klein patroon	I	eenvoudig, gemaklik
1.10	Growwe teksture	J	informeel

(10 × 2)

[20]**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

- 2.1 Die Prang-kleurwiel bestaan uit 14 kleure. 
- 2.2 Monochroomskemas kan opgehelder word deur kontrasterende teksture te gebruik.
- 2.3 Die keuse van kleur word deur mode bepaal.
- 2.4 Lig beïnvloed die gehalte van kleur.
- 2.5 Die muur oorkant 'n venster sal 'n paar tinte ligter as die venstermuur voorkom.
- 2.6 Oranje is 'n tersiêre kleur. 

- 2.7 Komplementêre kleure word langs mekaar op 'n kleurwiel geplaas.
- 2.8 Voeg wit by 'n kleur om 'n tint te skep. 
- 2.9 Intensiteit verwys na die suiwerheid van 'n skakering.
- 2.10 Mense het 'n emosionele reaksie op kleur.
- 2.11 Dit is maklik om kleur doeltreffend te gebruik.
- 2.12 Kleur in 'n kamer is dikwels die mees dramatiese kenmerk.
- 2.13 Donkergroen het 'n dramatiese effek wanneer dit op mure gebruik word.
- 2.14 Primêre kleure word verkry deur kleure te meng.
- 2.15 Kleure beïnvloed produktiwiteit in die werkruimte. 
- (15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

- 3.1 Noem DRIE benaderings tot die druk van 'n kleur op materiaal. (3)
- 3.2 Noem DRIE soorte natuurlike vesel. (3)
- 3.3 Wat beïnvloed die verrigting van 'n tekstielstof? (4)
- 3.4 Noem VYF soorte bindings ('weaves').  (5)
- [15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 4**

- 4.1 Verduidelik die verskil tussen die volgende elemente:
- 4.1.1 Vorm (2)
- 4.1.2 Fatsoen  (5)
- 4.1.3 Ruimte (2)
- 4.1.4 Waarvan moet 'n versierder bewus wees wanneer 'n ronde vorm in 'n kamer gebruik word? (6)

- 4.2 Jou kliënt vra jou om haar gesinskamer te versier. Sy is mal oor kleur!
- 4.2.1 Definieer 'n *dubbele komplementêre kleurskema*. 
- 4.2.2 Hoekom werk hierdie kombinasie goed? (2 × 5) (10)
- 4.3 'n Asimmetriese balans is gewoonlik gewild vir gesinskamers. Noem die voor- en nadele hiervan. (10)
- 4.4 Bespreek keperbinding ('twill weave') onder die volgende opskrifte:
- 4.4.1 Struktuur (5)
- 4.4.2 Voorkoms  (3)
- 4.4.3 Noem DRIE soorte materiaal wat met hierdie metode geweef word. (3)
- 4.4.4 Is keperbinding-materiaal geskik vir die bekleding van 'n stoelsitplek? Skryf slegs 'Ja' of 'Nee'. (1)
- 4.4.5 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 4.4.4. (3)
- [50]**

VRAAG 5

- 5.1 Definieer die volgende:
- 5.1.1 Skaal (2)
- 5.1.2 Verhouding (3)
- 5.1.3 Die verskil tussen skaal en verhouding (3)
- 5.2 Beskryf hoe die grootte van 'n kamer of voorwerp deur die volgende beïnvloed sal word: 
- 5.2.1 Patroon
- 5.2.2 Warm en koel kleure (2 × 6) (12)
- 5.3 Mat oppervlakte is die nuutste neiging. Hoe sal lig tekstuur beïnvloed? (10)
- 5.4 Beskryf die volgende afwerkings vir materiaal:
- 5.4.1 Meriserisering (5)
- 5.4.2 Kalandering  (3)
- 5.4.3 Klassifiseer materiaalafwerkings in TWEE soorte. (2)
- 5.4.4 Verduidelik die doel van elke soort materiaalafwerking wat jy in VRAAG 5.4.3 genoem het. (2 × 3) (6)
- 5.4.5 Gee VIER voorbeelde van afwerkings wat gebruik word om katoenstof te verbeter. (4)
- [50]**

VRAAG 6



A Bron: Home & Leisure Augustus 2018



B Bron: SA Homeowner Desember 2014



C Bron: House and Garden Mei 2018

6.1 Verwys na die drie prente hier bo om die volgende vrae te beantwoord:

- 6.1.1 Klassifiseer balans. (4)
- 6.1.2 Noem die soort balans wat in al drie prente (A–C) gebruik word. (3)
- 6.1.3 Wat word bedoel wanneer 'n kamer as gebalanseerd beskryf word? (4)
- 6.1.4 Hoe word balans geskep? (6)

- 6.2 Die Prang-kleurwiel is die voorkeurkleurstelsel vir versierders. 
- 6.2.1 Gee VYF redes waarom 'n binnenshuise versierder sal verkies om die Prang-kleurwiel te gebruik wanneer 'n kleurskema beplan word. (5)
- 6.2.2 Hoe word 'n tussenkleur verkry? (3)
- 6.3 Noem en verduidelik VYF faktore, benewens kleur en patroon, wat in ag geneem moet word wanneer materiaal vir gordyne gekies word. (5 × 2) (10)
- 6.4 6.4.1 Verduidelik die term *kitsch*.  (6)
- 6.4.2 Hoekom word 'n bak met plastiekvrugte as kitsch geklassifiseer? (4)
- 6.4.3 Noem en beskryf kortliks VYF kriteria van goeie smaak. (5)
-  [50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200